BEGRAAFPLAASKOMITEE MAART 2011

INLEIDENDE BEPALINGS

i. Weens ons beperkte begraafplaasruimte, moet almal besef dat dit ’n voorreg en nie ’n reg is om hier begrawe te word.
ii. Weens die geologiese profiel van die terrein, kan grafte slegs diep genoeg vir twee persone per graf gegrawe word.
iii. Alle Kleinfontein aandeelhouers het ‘n gelyke reg tot die begraafplaas ongeag status, rykdom of lidmaatskap van ‘n bepaalde party of organisasie.
iv. Slegs die Begraafplaaskomitee het die gedelegeerde mag om toestemming te gee vir ’n Begrafnis in die Kleinfonteinbegraafplaas.
v. Met die woorde “hier begrawe ” word bedoel ’n tradisionele begrafnis in ’n kis in ’n graf sowel as die plasing van jou as in ’n verassingsnissie.
vi. “Aandeelhouer” beteken ’n persoon wat sy/haar KBK-aandele ten volle betaal het.

1.1 WIE HIER BEGRAWE MAG WORD

a) Inwonende aandeelhouers en hulle inwonende naaste familielede: eggenoot/eggenote, eie kinders, stiefkinders, aangenome kinders en pleegkinders.
b) Inwonende persone wat hulle KBK-aandele aan hulle kinders oorgedra het.
c) Inwonende afhanklike volkseie persone, bv. verswakte/gestremde persone wat voltyds deur ’n inwonende aandeelhouer versorg word.
d) Inwoners in die Sorgsentrum wat aandeelhouers is.
e) Nie-aandeelhouers wat in die Sorgsentrum is wat deur hulle naaste familie wat wél aandeelhouers is, ten volle geborg word om in die Sorgsentrum versorg te word.
f) Baanbrekers. Wanneer ’n persoon wat baanbrekerswerk op Kleinfontein gedoen het, te sterwe kom en op daardie stadium nie op Kleinfontein woon nie, mag sy/haar naasbestaandes aansoek doen dat hy/sy op Kleinfontein begrawe word. Die UK moet besluit of die oorledene ’n baanbreker was al dan nie. ’n Baanbreker se gade mag ook op Kleinfontein begrawe word.
[Definisie van ’n baanbreker: Iemand wat iets eerste doen – voorloper, wegbereider. (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal)].

1.2 PERSONE WAT VIR ’N MERIETEBEGRAFNIS OORWEEG KAN WORD

a) Indien ’n werknemer/amptenaar vir ten minste 10 jaar lank voltyds vir KBK of ander geregistreerde werkgewer op Kleinfontein gewerk het, mag sy naasbestaandes vir ’n merietebegrafnis vir hom/haar aansoek doen indien hy/sy ’n nie-aandeelhouer was.
b) Nie-aandeelhouers met hulle naaste familie wat vir ten minste 10 jaar eiendom op Kleinfontein gehuur het, maar wat met hart-en-siel deel van die gemeenskap geword

het deur hulle onbaatsugtige en positiewe optrede wat almal ten goede gestrek het. Sodanige persone kan deur die Begraafplaaskomitee op grond van versoeke vanuit die gemeenskap vir ’n merietebegrafnis oorweeg word.

c) Slegs die eggenoot/eggenote van ’n persoon wat ’n merietebegrafnis gekry het, mag in dieselfde graf begrawe word.

1.3 WIE NIE HIER BEGRAWE MAG WORD NIE

a) Iemand met uitstaande skuld by KBK.
b) ’n Werknemer wat vir korter as 10 jaar ononderbroke vir KBK of ander geregistreerde werkgewer op Kleinfontein gewerk het.
c) Inwonende huurders (met hulle familie) wat korter as 10 jaar gehuur het.
d) Geen inwoner in die Sorgsentrum wat nie ’n aandeelhouer was nie.
e) Aandeelhouers wat buite Kleinfontein se grense woon.

2.0 ALGEMENE REËLS EN REGULASIES

a) ’n Begrafnisaansoekvorm moet ten minste 3 (drie) dae vóór ’n begrafnis by die KBK-kantoor gekry en voltooi word.
b) Die graf-en dienstekostes wat op die begrafnisaansoekvorm gespesifiseer word, moet betaal word alvorens daar met begrafnisreëlings voortgegaan word.
c) Aangesien die begraafplaas volgens die Bermmetode bedryf word, kry elke graf slegs ’n kopstuk wat nie hoër as 1000 mm en breër as 900 mm mag wees nie. Voorts mag geen bykomende lateie of graniet/marmerblad op die graf aangebring word nie.
d) Die grafnommer moet in die regter-onderste hoek van die kopstuk gegrafeer word.
e) Die kopstukke van teenoorgeleë grafte (in die lengte) staan rug-aan-rug en dit mag nie opgerig word nie alvorens die graf vir ten minste 12 maande gestabiliseer het nie.
f) Die gedenksteen van ’n verassingsnissie mag nie groter as 350 X 350 mm en dieper as 65 mm wees nie. Die nissienommer moet in die regter-onderste hoek van die gedenksteen gegraveer word.
g) Meer as een persoon se as mag in een nissie geplaas word.

3. WAT OM TE DOEN INGEVAL VAN ‘N STERFTE:

a) Kontak die voorsitter of vise-voorsitter van die begraafplaaskomitee sodat daar seker gemaak kan word of die afgestorwene geregtig is om op Kleinfontein begrawe te word.
b) Die komitee sal sorg dat daar ‘n graf beskikbaar is.
c) Voltooi ‘n aansoek om ‘n begrafnisvorm tenminste 3 dae vooraf by die Kantoor van KBK.
d) Betaal die nodige grafkoste. Indien dit by u polis ingesluit is tref die nodige reëlings sodat dit aan KBK betaal word.